



DIE flaminkkolonie van naderby.

FOTO'S: MARK ANDERSON

Flaminke deur ontwikkeling en riool bedreig

Burgemeester trek skouers op

■ JORISNA BONTHUYS

KAAPSTAD. - Die toekoms van Kimberley se "Pink Ladies" is in die weegskaal. Rou rioolvloei wat na bewering in die Kamfersdam be- land, bedreig die voortbestaan van dié stad se bekende flaminkkolonie wat toenemend as 'n trekpleister vir voëlkykers dien.

Só sê mense gemoeid met die veldtog Save the Flamingo, wat onder meer deur BirdLife SA, die Trust vir Bedreigde Natuurlewe, die Natuurlewevereniging van Suid-Afrika (Wessa) en Ekapa Mining gesteun word.

Dié vleiland, 'n groot vleilandgebied net noord van Kimberley, word beskou as een van die ver- naamste plekke wêreldwyd waar dié geveerdes hou. Dit is een van net vier sulke broeiplekke op die vasteland.

Die Save the Flamingo-veldtog het in 'n onlangse skrywe aan die burgemeesterskantoor van die Sol Plaatje-stadsraad hieroor drin- gende ingryping by die Homevale- rioolwerk versoek. Mense gemoeid

met dié veldtog vra dat plaaslike owerhede dié situasie teen 28 Julie moet beredder of regstappe kan ver- wag.

Dié skrywe is onderteken deur mnr. Jahn Hohne, voorsitter van die veldtog.

Dit is onder meer gestuur aan Kimberley se voormalige burge- meester, mnr. Patrick Lenyibi, asook aan mnr. Marthinus van Schalkwyk, minister van omge- wingsake, en me. Lindiwe Hen- dricks, minister van waterwese.

Lenyibi het intussen bedank as uitvoerende burgemeester.

Volgens mense gemoeid met dié flaminkveldtog was die grootste ge- deelte van die Homevale-rioolwer- ke op 25 Junie nie in 'n werkende toestand nie.

Ná mediadekking van dié situa- sie het die Sol Plaatje-munisipali- teit ingegryp.

Ekapa Mining en 'n handvol klein kontrakteurs is gevra om te help om stukke rioolpoele daar te herstel en van die houdamme te help skoonmaak.

Op 9 Julie, terwyl van die riool-

DIE kleinflaminke, een van die sowat 200 voëlspe- cies wat by die Kamfersdam aangetref word. Dit is een van die min vleilandgebiede in die Noord-Kaap wat heeljaar water het.

poele en houdamme skoongemaak is, is van die onbehandelde riool- slyk in die veld langs die rioolwer- ke uitgepomp waarvandaan dit glo deur 'n uitloop in Kamfersdam be- land het.

Só beweer Save the Flamingo op sy tuisblad (savetheflamin- go.co.za). Onbehandelde rioolwater het glo tot 4 Julie direk van die ri- oolaanleg daar tot in Kamfersdam geloop.

Dié situasie, wat verswakte wa- tergehalte in die vleiland veroor- saak, word as 'n groot bedreiging vir die voortbestaan van die flamin- ke bestempel.

Wetenskaplikes neem nou water- monsters en probeer vasstel of daar 'n verband is tussen rioolbesoede- ling en die groot aantal flaminke wat die afgelope ruk met geswolle gewigte en met sere aan hul bene by Kamfersdam bespeur is.

Lenyibi het in 'n televisie-onder- houd aan *Carte Blanche* gesê daar is geen rioolprobleem nie en het

teenstanders van 'n beoogde behu- singsprojek as rassisties bestem- pel.

Hy het sedertdien op 'n nuuskon- ferensie hieroor waarvoor *Volksblad* en die *Diamond Field Advertiser* on- der meer berig het, gesê mense wat teen die beplande nuwe Northgate- ontwikkeling is, kan "hel toe gaan".

Die beoogde ontwikkeling van Group 1 Developments buite die stedelike soom is strydig met Kim- berley se ruimtelike ontwikke- lingsraamwerk en sy eie riglyne vir ontwikkelingsbeplanning het Wes- sa in skriftelike kommentaar hier- oor aangevoer.

Sedertdien is die grens van die stad se stedelike soom glo gewysig.

Sonder 'n positiewe rekord van beslissing oor die beoogde behu- singsontwikkeling, wat op 'n volle- dige omgewingsimpakstudie ge- grond is, kan die Sol Plaatje-muni- sipaliteit nie die grond vir die Northgate-ontwikkeling laat herso- neer nie, word gesê.

Mense gemoeid met dié veldtog, wat reeds 5 800 handtekeninge aan- lyn versamel het, vra dat geen nuwe ontwikkelings naby Kamfersdam toegelaat moet word voordat riool- aanlegte daar behoorlik opgeknop word nie.

Die ontwikkelaars van die beoog- de Northgate-ontwikkeling wil so- wat 6 500 huise bou.

Probleme met die Homevale- rioolwerk duur glo reeds vier jaar lank, ondanks vertoe aan die munisipaliteit vir ingrypings hier- oor.

In dié stadium hanteer dié riool- werk sowat 43 megaliter per dag, terwyl dit 'n vermoë het van 30 me- galiter.

Die kantoor van mnr. Pieter Saai- man, die Noord-Kaapse minister van toerisme, omgewing en bewa- ring, wou nie kommentaar lewer oor dié herrie nie, aangesien hy die toepaslike appèlowerheid is wat moet beslis oor dié beoogde ontwik- kelingsaansoek.

